# Hoofstuk van die dag: Matteus 17

> *Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. (vers 2)*

Die verheerliking op die berg wys ’n kant van die Here Jesus

waarop ons nie genoeg ag slaan nie, glo ek, omdat ons dit nie regtig verstaan nie. Hy is immers God wat mens geword het en onder ons kom woon het, skryf Johannes in Joh 1:14. Ons sukkel om die twee kante bymekaar te hou. God én mens. Almagtige God én brose, kwesbare mens wat kon seerkry, kon huil, en uiteindelik gesterf het.
Die Here Jesus se dissipels het dit ook nie verstaan nie, en daarom was hierdie gebeurtenis so belangrik in die vorming van hulle denke oor Hom. Hier sien hulle Jesus in 'n geheel ander lig; sien hulle Hom in al sy goddelike majesteit en heerlikheid. As Johannes in sy Evangelie skryf dat Jesus mens geword het, voeg hy by (ook 1:14): "Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." Ek vermoed hy het aan die verheerliking op die berg gedink toe hy dit geskryf het.
Hoe dink jý oor Jesus?


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026